Hoofstuk

1

ERASA

Uithourit Vereniging van Suid-Afrika

Visie en Algemene Administrasie

HOOFSTUK 1: VISIE EN ALGEMENE ADMINISTRASIE

REGISTER VAN WYSIGINGS – HOOFSTUK 1

Artikel	Onderwerp	Datum van wysiging
1.6	Besware, klagtes en griewe (nuwe artikel)	16 April 2012
1.3	Welsyn van perde	10 Mei 2013
1.5.2	Nuwe reel goedgekeur op AJV 2019	30 Julie 2019
1.5.3	Nuwe reel goedgekeur op AJV 2019	30 Julie 2019
1.5.4	Nuwe reel goedgekeur op AJV 2019	30 Julie 2019

VISIE EN ALGEMENE ADMINISTRASIE

1.1 Inleiding
1.2 Visie
1.3 Welsyn van die Perd
1.4 Sekretariaat
1.5 Gedragskode

1.1 INLEIDING

1.1.1. Die ERASA Grondwet en Reëls is opgestel om te verseker dat individuele deelnemers en spanne wat aan uithouritte onder die beskerming van ERASA deelneem teen mekaar kan kompeteer onder billike en gelyke omstandighede.

1.1.1.1 Indien daar enige twyfel bestaan oor die interpretasie van die reëls:

1.1.1.1.1 Voor 'n rit, moet dit na die ERASA algemene bestuurder verwys word wat dan, na skakeling met die betrokke spesialisgroepering, die regte interpretasie sal deurgee.

1.1.1.1.2 Tydens 'n rit moet dit so deur die ritmeester (vir algemene reëls) en/of hoofveearts (vir veterinêre reëls) vertolk word dat billikheid teenoor alle deelnemers verseker word.

1.1.1.2 Indien daar 'n dispuut rakende die interpretasie van die reëls ontstaan moet dit na die Dagbestuur van die Raad van ERASA verwys word.

1.1.2. Alle lede, ruiters, helpers van ruiters, eienaars van perde, ritkomitees, beamptes, vrywilligers en enigiemand anders wat deelneem aan en/of betrokke is by 'n ERASA uithourit is gebind aan en moet hou by:

1.1.2.1 Die huidige ERASA Grondwet en Reëls;

1.1.2.2 Enige addisionele reëls of reëlwysigings soos van tyd tot tyd deur ERASA neergelê;

1.1.2.3 Waar van toepassing, die betrokke unie en/of klub se Grondwet;

1.1.2.4 Waar van toepassing, reëls soos neergelê vir die betrokke rit; en

1.1.2.5 Waar van toepassing, die Statute, Algemene Regulasies, Uithouritreëls en Veterinêre Regulasies van die Federation Equestre Internationale (FEI).

1.1.3 Unies en klubs moet toesien dat:

1.1.3.1 Die ERASA Grondwet en Reëls streng toegepas word by alle ritte wat onder die beskerming van en onder die ERASA reëls aangebied word; en

1.1.3.2 Die toepaslike gedeeltes van die ERASA Grondwet en Reëls streng toegepas word by alle ritte onder die beskerming van ERASA en onder die FEI reëls aangebied word.

1.2 VISIE

1.2.1 "Die Uithouritvereniging van Suid Afrika sal 'n dinamiese, professionele, internasionaal erkende en gerespekteerde, prestasie-gebaseerde perdesportvereniging wees, wat voorsiening maak vir alle tipes lidmaatskap, sonder om die welsyn van perde te benadeel."

1.2.2 Die elemente van die visie word soos volg verder toegelig:

1.2.2.1 **Dinamies**

- Innoverende denke om 'n voorloper te wees in nuwe metodes en bestuurstelsels in die uithouritsport.
- Deurlopende vernuwing om moderne neigings in die sport te akkommodeer, sonder om beproefde en bewese stelsels te negeer.

1.2.2.2 **Professioneel**

- Die Vereniging moet professioneel bestuur word. Lede van die Raad, Uniebesture en Klubbesture moet aktief by die bestuur van die Vereniging betrokke wees, en ook hul onderskeie portefeuljes met toewyding bestuur.
- Alle beamptes wat by ritte optree moet deeglik opgelei wees.
- Die optrede en gedrag van lede van die Vereniging moet altyd 'n professionele beeld uitdra.

1.2.2.3 **Internasionale erkenning en respek**

- Die Vereniging en sy strukture moet internasionaal erkenning geniet en die Vereniging, sy beamptes en ruiters moet internasionaal gerespekteer word.
- Die Vereniging moet administratiewe -, bestuurs- en tydhoustelsels ontwikkel wat aan internasionale standaarde voldoen en wat alle kategorieë van deelname kan akkommodeer

1.2.2.4 **Prestasie gedrewe**

- Gelyke geleenthede moet geskep word sodat elke ruiter tot sy/haar volle potensiaal kan ontwikkel, hetsy op klub, streeks, nasionale of internasionale vlak.
- Prestasie op alle terreine (ruiters, ampsdraers en perde) moet erken word.

1.2.2.5. **Alle tipes lidmaatskap**

- Die Vereniging maak voorsiening vir alle kategorieë van deelname, insluitend
  - Ruiters wat deelneem vir die plesier daarvan.
  - Ruiters wat kompeterend teen mekaar deelneem.
  - Beginners en ervare ruiters.
  - Kompetisie op plaaslike, streeks, nasionale en internasionale vlak.
  - Deelname onder nasionale (ERASA) en internasionale (FEI) reëls.

1.2.2.6 **Welsyn van perde**

- Die perd moet op alle vlakke van die uithouritsport eerste gestel word.
- Zero toleransie t.o.v. die gebruik van verbode middels

1.3 WELSYN VAN DIE PERD

1.3.1 ERASA verwag van almal wat by uithouritte betrokke is om die onderstaande gedragskode rakende die welsyn van perde te onderskryf, om te erken en te aanvaar dat die perd altyd voorop gestel moet word en dat die belang van die perd nooit ondergeskik mag wees aan kommersiële belang of aspekte van kompetisie nie. Die volgende aspekte word in besonder beklemtoon:

1.3.1.1 Algemene Welsyn

1.3.1.1.1 Goeie algemene bestuur. Stalling en voeding moet altyd vergelykbaar wees met die beste moontlike bestuurspraktyke. Skoon hooi, voer en water van die beste kwaliteit moet altyd beskikbaar wees.

1.3.1.1,2 Afrigtingsmetodes. Die afrigting van perde moet ingestel wees op die spesifieke perd se fisieke vermoë en die vlak waarop die perd aan uithouritte mag deelneem. Perde mag nie aan mishandeling en metodes wat op vrees gebaseer is, blootgestel word nie.

1.3.1.1.3 Hoefbeslag en saaltuig. Hoefversorging en –beslag moet van 'n hoë standaard wees. Saaltuig moet so ontwerp en gepas word dat daar geen risiko van pyn en besering is nie.

1.3.1.1.4 Vervoer. Perde moet ten volle teen beserings en ander gesondheidsrisiko's beskerm word tydens vervoer. Voertuie moet veilig, goed geventileer, deeglik in stand gehou, gereeld ontsmet en deur deeglik opgeleide persone bestuur word. Daar moet altyd goed opgeleide persone byderhand wees om die perde te hanteer.

1.3.1.1.5 Reis. Alle reise moet deeglik beplan word en perde moet gereeld toegelaat word om te rus, eet en drink. Hierdie beplanning moet in ooreenstemming met internasionale riglyne gedoen word.

1.3.1.2 Geskiktheid om deel te neem

1.3.1.2.1 Fiksheid en bedrewenheid. Deelname aan uithouritte moet beperk word tot perde wat fiks genoeg is en ruiters wat aan die vereistes voldoen. Perde moet voldoende rus gegee word tussen uithouritte en moet addisionele rus gegun word na lang reise.

1.3.1.2.2 Gesondheidstatus. Geen perd wat ongeskik bevind is mag aan 'n uithourit deelneem of aanhou deelneem nie. Advies van 'n veearts moet ingewin word indien daar enige twyfel hieroor bestaan.

1.3.1.2.3 Gebruik en misbruik van medikasie. Enige optrede of bedoeling om medikasie verkeerd te gebruik of te misbruik word as 'n ernstige bedreiging tot die welsyn van die perd beskou en sal nie geduld word nie. Perde moet ook voldoende tyd gegun word om ten volle te herstel nadat veterinêre behandeling toegedien is, en voordat daar weer aan uithouritte deelgeneem word.

1.3.1.2.4 Chirurgiese prosedures. Geen chirurgiese prosedure wat die welsyn van die perd en/of die veiligheid van ander perde en/of deelnemers in gedrang bring word toegelaat nie.

1.3.1.2.5 Dragtige merries en merries wat onlangs gevul het. Dragtige merries en merries wat ’n vul soog mag nie deelneem nie.

1.3.1.2.6 Misbruik van hulpe. Mishandeling van perde deur die verkeerde of oormatige gebruik van natuurlike of kunsmatige hulpe (bv. swepe, spore, ens) sal nie geduld word nie.

1.3.1.3 Byeenkomste mag nie perdewelsyn in gedrang bring nie

1.3.1.3.1 Kompetisieterrein. Perde moet op toepaslike en veilige oppervlaktes afgerig word en aan uithouritte deelneem. By die ontwerp van alle ritbasisse en uithouritbane moet die veiligheid van die perde in gedagte gehou word.

1.3.1.3.2 Uiterste weersomstandighede. Uithouritte moet nie in uiterste weersomstandighede wat die welsyn en veiligheid van perde kan benadeel, aangebied word nie. Daar moet voldoende voorsiening wees vir die afkoel van perde na deelname.

1.3.1.3.3 Stalling by uithouritte. Stalle moet veilig, higiënies, gemaklik, goed-geventileer en groot genoeg wees vir die perde wat aan die rit deelneem. Afspoelareas en water moet altyd beskikbaar wees.

1.3.1.4 Welwillende behandeling van perde

1.3.1.4.1 Veterinêre behandeling. Veeartse moet altyd by uithouritte beskikbaar wees. Indien ’n perd tydens ’n rit beseer word of uitgeput raak moet die ruiter dadelik stop en die perd so gou as moontlik deur ’n veearts laat ondersoek.

1.3.1.4.2 Verwysingshospitale. Waar nodig moet perde met ’n perde-ambulans na die naaste verwysingshospitaal geneem word vir verdure ondersoek en behandeling. Noodsaaklikebehandeling moet toegedien word voordat perde vervoer word.

1.3.1.4.3 Kompetisiebeserings. Die insidensie van beserings tydens uithouritte moet deurentyd gemoniteer word. Grondoppervlakte, gereeldheid van deelname en ander risikofaktore moet deeglik ondersoek word om maniere te vind om beserings tot die minimum te beperk.

1.3.1.4.4 Genadedood. Waar beserings van ’n ernstige aard is mag dit die beste wees dat genadedood deur ’n veearts toegepas word. Die enigste doelwit hiermee is om die perd lyding te spaar.

1.3.1.4.5 Aftrede. Perde moet waardig en goed versorg word na aftrede uit die uithouritsport.

1.3.1.5 Opleiding

1.3.1.5.1 ERASA moedig almal wat by uithouritte betrokke is om die hoogste moontlike vlak van toepaslike opleiding te ondergaan.

1.4 SEKRETARIAAT

1.4.1 Die sekretariaat van ERASA bestaan uit ’n aantal posisies waarin die Raad geskikte persone aanstel. Dit sluit in:

1.4.1.1 **Algemene Bestuurder**

1.4.1.1.1 Die Raad stel ’n algemene bestuurder aan volgens ’n prosedure soos deur die Raad bepaal. Hierdie is ’n besoldigde beampte, voltyds in diens van die Raad. Hy tree op as sekretaris van die Raad, maar het nie stemreg tydens vergaderings nie.

1.4.1.1.2 Die algemene bestuurder moet oorhoofs toesien dat die Vereniging se administrasie op doel-treffende wyse bestuur word. Hy rapporteer aan die Dagbestuur van die Raad, en moet:

- Toesien dat notules van vergaderings gehou en versprei word.
- Toesien dat die Grondwet en Reëls in stand gehou en aangepas word na aanleiding van besluite deur die Algemene Jaarvergadering en die Raad.
- Inligting na lede van die Vereniging versprei.
- Raadsverkiesings reël en koördineer
- Alle databasisse (insluitend die lededatabasis, perdedatabasis en uitslaedatabasis) in stand hou.
- Ranglyste vir beide ruiters en perde in stand hou.
- Administratiewe aspekte rakende die kies van SA Nasionale Spanne, SA Ontwikkeling- spanne en Federasiespanne bestuur.
- Ondersoek instel na, aanbevelings maak rakende en na goedkeuring deur die Raad die implementering bestuur van toepaslike tegnologiese hulpmiddels om die bestuur van beide die vereniging en ritbyeenkomste te verbeter.
- Die vereniging se webblad bestuur.
- Oorhoofs toesig hou oor die uitvoering van die pligte van die administratiewe beampte(s) van die Raad (in samewerking met die Tesourier met betrekking tot aspekte wat finansiële bestuur raak).

1.4.1.2 **Administratiewe Beamptes**

1.4.1.2.1 Die Raad stel administratiewe beamptes aan volgens ’n prosedure soos deur die Raad bepaal. Hierdie is besoldigde beamptes, voltyds in diens van die Raad.

1.4.1.2.2 Die administratiewe beamptes behartig aspekte van die administrasie van die vereniging soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal. Die administratiewe beamptes rapporteer aan die algemene bestuurder.

1.4.1.3 **Regsadviseur**

1.4.1.3.1 Die Raad wys ’n regsadviseur/regsadviseurs aan.

1.4.1.3.2 Regsadviseurs hanteer spesifieke regsaangeleenthede (insluitend advies rakende dissiplinêre optrede) op versoek vir die Raad en doen verslag aan die Raad of sy gedelegeerde.

1.4.1.4 **<u>Koördineerders van die Nasionale Kampioenskappe</u>**

1.4.1.4.1 Die Raad bepaal watter Nasionale Kampioenskappe aangebied sal word, en sal vir elke Nasionale Kampioenskap 'n koördineerder aanwys. 'n Koördineerder kan 'n individu, klub of unie wees en word aangestel om die reëlings rakende 'n spesifieke kampioenskap te koördineer en rapporteer aan die Raad.

1.4.1.4.2 Die koördineerders van Nasionale Kampioenskappe moet die beplanning en begroting vir die betrokke Nasionale Kampioenskap opstel, dit aan die Raad (of 'n gedelegeerde struktuur) voorlê vir goedkeuring en na goedkeuring oorhoofs toesien dat die kampioenskappe suksesvol aangebied word.

1.5 GEDRAGSKODE

1.5.1 Hierdie gedragskode is van toepassing op alle lede van die ERASA, sowel as helpers en besoekers wat by 'n ritbyeenkoms teenwoordig is (hierna na verwys as "almal"):

1.5.1.1 Almal sal te alle tye die welsyn van die perd voorop stel.

1.5.1.2 Almal moet nie net hul eie regte en verantwoordelikhede erken en nakom nie, maar ook die regte, veiligheid en menswaardigheid van alle ander lede, beamptes, ritkomitees, bestuurslede en lede van die publiek in ag neem.

1.5.1.3 Almal moet hulself so gedra dat hul optrede die beeld van die uithouritsport positief sal bevorder en nooit die beeld van die uithourit-sport skade sal berokken nie.

1.5.1.4 Almal moet te alle tye hou by die Grondwet en Reëls van ERASA.

1.5.1.5 Geen lid mag aan 'n rit deelneem terwyl hy onder die invloed van alkohol is nie en geen beampte mag by 'n rit diens doen terwyl hy onder die invloed van alkohol is en daarom nie sy take na behore kan uitvoer nie.

1.5.1.6 Almal sal alle privaat eiendom (insluitend ablusies en ander fasiliteite op die ritterrein) respekteer en hulself weerhou van enige optrede wat tot die skade van sulke eiendom kan lei.

1.5.1.7 Almal sal altyd toesien dat die terrein (insluitende die roete/baan) waar die rit aangebied word ten alle tye skoon gehou word en sal toesien dat geen rommel gestrooi word nie.

1.5.1.8 Rook terwyl die perd gery, gelei of by 'n veeartskontrolepunt aangebied word, sal as slegte ruiterskap beskou word. Rook op die baan is streng verbode en sal tot diskwalifikasie lei.

1.5.1.9 Verantwoordelike persone (soos gedefinieer in die ERASA Grondwet) is verantwoordelik vir die gedrag van hul ondersteuningsgroep, familie en vriende. Die Ritmeester mag 'n ruiter by 'n rit diskwalifiseer en hom/haar opdrag gee om (saam met sy/haar hele groep) die terrein onmiddellik te verlaat indien die ondersteuningsgroep, familie of vriende hulself aan gedrag, wat 'n nadelige invloed op die aanbied van die rit het, skuldig maak.

1.5.1.10 Beamptes en komitees wat namens lede optree moet hul pligte en verantwoordelikhede op ’n professionele en pligsgetroue manier uitvoer. Dit sluit in

- Die nakoming van die Grondwet en Reëls;
- Die objektiewe en onpartydige neem van besluite; en
- Die nastreef van die hoogste standaarde.

1.5.1.11 Almal wat by die sport betrokke is word aangemoedig om die hoogste vlak van kundigheid in hul spesifieke veld (hetsy as ruiter, helper, beampte, veearts of administrateur) na te streef.

1.5.1.12 Dit word van alle stemgeregtigde lede verwag om die Algemene Jaarvergadering en Spesiale Algemene Vergaderings van die Vereniging by te woon. By hierdie vergaderings kan stemgeregtigde lede hul reg uitoefen om besluite te neem rakende die beleid, prosedures en bestuur van die Vereniging.

1.5.2 Geen persoon wat gebonde is aan die Grondwet van ERASA mag enige handeling verrig wat die uithouritsport, ERASA of enige van sy lede, beamptes of ampsdraers in diskrediet kan bring of wat hul waardigheid aantas, of welke die potensiaal het om so te doen of welke die effek het of bedoel is om die effek te hê om so te doen.

1.5.3 In besonder, en sonder om die algemene aard van die voorgaande te affekteer, sal sodanige handeling insluit die uitering, die voortbring of publikasie van verklarings, stellings, artikels of kommentare, hetsy mondelings of skriftelik of by wyse van sosiale media of enige ander medium of metode van kommunikasie wat ookal, welke dreigend, minagtend, obseen, onwelvoeglik, verleidelik, offensief, pornografies beledigend, oneervol, rasisties, diskriminerend, bedreigend, opruiend, godslasterlik of lasterlik is.

1.5.4 “SOSIALE MEDIA” sluit in, maar is nie beperk nie tot Facebook, LinkedIn, Twitter, Wikipedia, Flickr, Myspace, Tumblr, Pinterest, Google, YouTube, internet boodskappe, webblaaie en webtuistes, of enige ander soortgelyke medium wat in die toekoms ontwerp mag word.

1.6 Besware, klagtes en griewe

1.6.1 Enige lid kan beswaar maak of ’n klag of ’n grief indien teen enige handeling en/of besluit geneem deur ’n struktuur of ampsdraer van ERASA.

1.6.1.1 Rapportering van die nie-nakoming van die Grondwet en Reëls van ERASA, klagtes rakende die gedrag van deelnemers en/of beamptes en besware teen beslissings wat deur beamptes tydens die ritbyeenkoms geneem is (met die uitsondering van beslissing deur die veterinêre paneel of veterinêre kommissie, waarteen geen besware ingedien mag word nie) moet ingedien en sal hanteer word soos uiteengesit in Hoofstuk 7 (Dissiplinêre Proses) van die ERASA reëls.

1.6.1.2 Klub- en/of Unievlak

1.6.1.2.1 Klagtes, besware en/of griewe teen ’n handeling en/of besluit geneem deur ’n klub- of unie-bestuur of ’n ampsdraer van ’n klub of unie moet:

1.6.1.2.1.1 By die sekretaris van die betrokke klub (indien die besluit/handeling op klubvlak geneem was) ingedien word, wat dit na die klubbestuur sal verwys, of die sekretaris van die betrokke unie (indien die besluit/handeling op unievlak geneem

was) ingedien word, wat dit na die uniebestuur sal verwys.

1.6.1.2.1.2 Op skrif en onderteken wees deur die persoon(e) wat die klagte, beswaar en/of griefindien.

1.6.1.2.2 Die klub- of uniebestuur moet binne sewe dae nadat die klagte, beswaar of grief ingedien is, ontvangs daarvan erken.

1.6.1.2.3 Die klub- of uniebestuur sal by wyse van gewone meerderheid van stemme besluit of daar meriete in die klagte, beswaar en/of grief is en indien wel 'n ondersoekkomitee aanstel om die klagte, beswaar en/of grief te ondersoek. Sodanige ondersoekkomitee:

- Kan uit enige aantal lede bestaan (insluitend 'n eenmanskomitee).
- Versamel inligting ten opsigte van die beswaar/klagte/grief wat ontvang is. Waar dit die inwin van inligting/getuienis van persone behels, moet beëdigde verklarings verkieslik afgeneem word.
- Bind alle verklarings en ander inligting in 'n bundel en verskaf die bundel aan die klub- of uniebestuur.
- Moet binne dertig (30) dae na aanstelling en ontvangs van die opdrag van die klub- of uniebestuur die uitslag van sy ondersoek by die klub- of uniebestuur indien, tensy besondere omstandighede vereis dat die indien daarvan uitgestel word, met dien verstande dat hierdie uitstel vooraf deur die klub- of uniebestuur gemagtig word.
- Is verplig om alle inligting asook die klagte/beswaar/grief wat ondersoek word as vertroulik te hanteer.

1.6.1.2.4 Die klub- of uniebestuur sal, nadat die ondersoekkomitee hul ondersoek afgehandel het, die bundel van die ondersoekkomitee ontvang en dan by wyse van gewone meerderheid van stemme besluit watter verdere optrede geneem moet word. Hierdie kan insluit (maar is nie beperk nie tot):

- Bevestiging van die vorige besluit en/of handeling.
- Hersiening van die vorige besluit en/of handeling.
- Verwysing van die aangeleentheid deur die klubbestuur na die uniebestuur van die Unie waar die betrokke klub geaffilieer is, of deur die uniebestuur na die Raad.

1.6.1.2.5 Klagtes, besware en/of griewe wat deur 'n klubbestuur na die uniebestuur verwys word, sal hanteer word soos in Artikel 1.6.1.2.4 uiteengesit.

1.6.1.2.6 Die persoon(e) wat die klagte, beswaar en/of grief ingedien het sal skriftelik van die klub- of uniebestuur se besluit ingelig word. Indien hy ontevrede is met die besluit kan hy die aangeleentheid na die unie (in geval van 'n besluit geneem deur 'n klubbestuur) of die Raad (in geval van 'n besluit geneem deur 'n uniebestuur) verwys.

1.6.1.3 <u>Raadsvlak</u>

1.6.1.3.1 Klagtes, besware en/of griewe teen ’n handeling en/of besluit geneem deur die Raad, die dagbestuur van die Raad, ’n komitee van die Raad of ’n ampsdraer van die Raad moet:

1.6.1.3.1.1 By die Algemene Bestuurder van ERASA ingedien word, wat dit na die dagbestuur van die Raad sal verwys.

1.6.1.3.1.2 Op skrif en onderteken wees deur die persoon(e) wat die klagte, beswaar en/of grief indien.

1.6.1.3.2 Die Algemene Bestuurder moet binne sewe dae nadat die klagte, beswaar en/of grief ingedien is, ontvangs daarvan erken.

1.6.1.3.3 Die dagbestuur van die Raad sal by wyse van gewone meerderheid van stemme besluit of daar meriete in die klagte, beswaar en/of grief is en indien wel ’n ondersoekkomitee aanstel om die klagte, beswaar en/of grief te ondersoek. Sodanige ondersoekkomitee:

- Kan uit enige aantal lede bestaan (insluitend ’n eenmanskomitee).
- Versamel inligting ten opsigte van die beswaar/klagte/grief wat ontvang is. Waar dit die inwin van inligting/getuienis van persone behels, moet beëdigde verklarings verkieslik afgeneem word.
- Bind alle verklarings en ander inligting in ’n bundel en verskaf die bundel aan die dagbestuur van die Raad.
- Moet binne dertig (30) dae na aanstelling en ontvangs van die opdrag van die dagbestuur van die Raad die uitslag van sy ondersoek by die dagbestuur van die Raad indien, tensy besondere omstandighede vereis dat die indien daarvan uitgestel word, met dien verstande dat hierdie uitstel vooraf deur die dagbestuur van die Raad gemagtig word.
- Is verplig om alle inligting asook die klagte/beswaar/grief wat ondersoek word as vertroulik te hanteer.

1.6.1.3.4 Die dagbestuur van die Raad sal, nadat die ondersoekkomitee hul ondersoek afgehandel het, die bundel van die ondersoekkomitee ontvang en dan by wyse van gewone meerderheid van stemme besluit of verdere optrede geregverdig is. Indien wel, sal die aangeleentheid na die Raad verwys word.

1.6.1.3.5 Die Raad sal die toepaslike dokumentasie oorweeg en dan by wyse van gewone meerderheid van stemme besluit watter verdere optrede geneem moet word. Hierdie kan insluit (maar is nie beperk nie tot):

- Bevestiging van die vorige besluit en/of handeling.
- Hersiening van die vorige besluit en/of handeling.

1.6.1.3.6 Klagtes, besware en/of griewe wat deur ’n uniebestuur na die Raad verwys word, sal hanteer word soos in Artikel 1.6.1.3.5 uiteengesit.

1.6.1.3.7 Die persoon(e) wat die klagte, beswaar en/of grief ingedien het sal skriftelik van die Raad se besluit ingelig word. Indien die persoon(e) wat die klagte, beswaar en/of grief ingedien het ontevrede is met die besluit van die Raad kan hy/hulle ’n dispuut verklaar. In so ’n geval:

- Moet ’n onafhanklike regspraktisyn (waarmee al die betrokke partye skriftelik hul tevredenheid moet aandui) aangewys word.
- Moet al die betrokke partye hul mening op skrif stel en by die betrokke regspraktisyn indien.
- Sal die betrokke regspraktisyn die dokumentasie bestudeer en ’n opinie lewer.
- Sal al die partye hul neerlê by die bevindinge van die betrokke regspraktisyn.
-

1.6.2 Nie-nakoming van bostaande prosedure deur enige lid van ERASA sal as ’n oortreding van die reëls beskou en in terme van die prosedures soos in Hoofstuk 7 (Dissiplinêre Proses) uiteengesit, hanteer word.